# Blouberg Ridge Primary School
# Grade 6
# Afrikaans FAL
# Final Examination Paper 2019

Exemplar

**<u>LEESBEGRIP:</u>**

Lees die volgende inligtingsteks en beantwoord die vrae wat volg:

**Verskillende kulture in Suid-Afrika**

**Yeshika Ramcharan**

Ek is dertien jaar oud. My voorouers het lank gelede van Indonesië af gekom. Ons praat Afrikaans by die huis, maar ek kan ook Engels praat. My oupa kan Arabies praat en in die middae na skool, leer hy my meer oor die taal. Ons is Moslems en ons geloof is Islam. Die simbool van my geloof is 'n maan en 'n ster. Die plek waar ons bid word 'n moskee genoem. My gunstelingfees is Eis-ul-ful, die fees na Ramadaan, nadat ons gevas het. Tydens hierdie fees, eet ek my knuppeldik aan bobotie en breyani en sê vir mekaar: *"Eid Mubarak."* Dit beteken, "Sëen die feesdag."

**Emile Buys**

Ek is elf jaar oud. My ouma het vir my vertel dat my voorouers van Duitsland, Holland en Frankryk af kom. Ek is tweetalig en is vlot in Afrikaans en Engels, maar my huistaal is Afrikaans. Ons familie kom dikwels op 'n Sondag bymekaar en maak smullekker skaapvleis op die braai. My ma maak heerlike patats, aartappels, pampoen en wortels in die oond gaar met 'n klein bietjie kaneel, net soos ek daarvan hou. Op ander dae eet ons bredie en rys. Ek is baie lief vir koeksisters en geniet dit om saam met my ouma koeksisters te maak. Kersfees is vir ons 'n spesiale dag. Ons vier Kersdag in Desember, en gaan in die oggend kerk toe. Ek dra gewoonlik my netjiese langbroek met wit en swart strepies en my baadjie wat daarby pas.

**Sigonyela Nondeco**

My naam is Nondeco. Ek is veertien jaar oud. Op Erfenisdag kom ons familie almal bymekaar. Dit is pret wanneer al my ooms, tannies, neefs, niggies, oumas en oupas tyd saam spandeer. Ek praat Xhosa en Engels by die huis, maar ek kan ook Afrikaans praat. Die tradisionele kos waarvan ek hou, is
"Umngqusho" wat ook stampmielies genoem word. Ek en my niggies en nefies, luister graag na die skreeusnaakse stories wat my oupa vertel. Dit is veral vir my snaaks wanneer ouma met hom moet raas omdat dit slaaptyd is, en ons nog om die vuur sit en giggel. My gunstelingfees is Umbholorho, die

week wanneer 'n meisie gaan trou, want ons sing elke aand vir haar.
Ek trek my tradisionele rok aan en dra my tradisionele krale.

**David Goldberg**
Ek is twaalf jaar oud. My pa se oupa is in Israel gebore, en het in 1910 na Suid-Afrika toe gekom. Ek is Joods, en ek kan Hebreeus praat, al is dit nie heeltemal vlot nie. Ek kan baie goed Afrikaans en Engels praat. Die fees waarna ek elke jaar die meeste uitsien is die Fees van Ligte, wat ons "Hanukkah" noem. Ons steek vir agt dae lank, kerse aan. Ons kry ook presente en gesels lekker saam. Ons eet heerlike kos, soos aartappelkoekies en tuisgemaakte brood wat "Challah" genoem word. Ons bid in 'n sinagoge. Die ster van Dawid is die simbool van ons geloof.

[Bron: Aangepas uit Piekfyn Afrikaans: Leesboek Graad 6, Vosloo en Viljoen, Eerste Uitgawe 2007]

**LEESBEGRIP:**

1. Waar het Yeshika Ramcharan se voorouers vandaan gekom? ______________________________

   ______________________________________________________________________(1)

2. Wat is die simbool van Yeshika se geloof? ______________________________________

   ______________________________________________________________________(1)

3. Op watter dag van die week kom Emile se familie bymekaar en maak skaapvleis op die braai?

   ______________________________________________________________________(1)

4. Noem een groente wat Emile se ma in die oond gaar maak? ________________________(1)

5. Pas die woord in kolom A by die korrekte definisie in kolom B. (4)

| Kolom A | Antwoord | Kolom B |
|---|---|---|
| 1. Umngqusho | 5.1 | a. 'n Tradisionele gereg wat met maalvleis gemaak word. |
| 2. Challah | 5.2 | b. 'n Joodse brood wat met gevlegde deeg gemaak word. |
| 3. Koeksisters | 5.3 | c. Tradisionele kos wat ook stampmielies genoem word. |
| 4. Bobotie | 5.4 | d. 'n Soet koekie wat met deeg en stroop gemaak word. |

6. Vul die ontbrekende woorde in.

   6.1 Sigonyela Nondeco se familie kom op ______________________ bymekaar. (1)

   6.2 Hy is tweetalig wat beteken dat hy Xhosa en ____________________ kan praat. (1)

   6.3 Sy oupa vertel vir hom ________________________ stories. (1)

6.4 Umbholorho is die naam van die fees wat gebeur wanneer ‘n meisie gaan ______________. (1)

7. Kies die regte antwoord.

7.1 Wanneer ‘n mens **tuisgemaakte** brood eet beteken dit dat (1)

a. die brood by die bakery gebak is.

b. die brood by die winkel gekoop is.

c. dat die brood by die huis gebak is.

7.2 Die Joodse fees Hanukkah word ook beskryf as die Fees van (1)

a. Kerse

b. Ligte

c. Kos

8. Watter woord wys dat David Goldberg van die kos hou wat hulle eet?

_______________________________________________________ (1)

9. Skryf die naam van enige kleur wat in die teks genoem word. ___________________________ (1)

10. Skryf ‘n sin waarin jy vertel van iets wat jy en jou familie graag saam doen. _______________________

_____________________________________________________________________________________(1)

11. Wat is jou gunsteling ding oor Suid-Afrika? Begin die sin soos aangedui.

My gunsteling ding oor Suid-Afrika is __________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________(1)

12. Suid-Afrika is ‘n nasie met verkillende kulture en gelowe. Dit is wat ons land so kleurvol soos ‘n reënboog maak. Ons word die __________________________________ genoem. (2)

**[20]**

Exemplar

**TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES:**

Vraag 1: Skryf die volgende sinne oor in die **verlede tyd**.

1.1. Yeshika se oupa kan Arabies praat. ______________________________________________

______________________________________________________________________________(1)

1.2. Sigonyela verstaan Xhosa en Engels baie goed. ____________________________________

______________________________________________________________________________(2)

Vraag 2: Voltooi die volgende sinne deur die **voornaamwoorde** in te vul.

2.1. Emile is elf jaar oud. ____________________ ouma het vir hom vertel dat sy voorouers van Duitsland af kom. (1)

2.2. Die kinders vertel almal van _________________________ kulture (1)

Vraag 3: Skryf die volgende sinne in die **ontekkende vorm**.

3.1. David Goldberg is in Suid-Afrika gebore. __________________________________________

______________________________________________________________________________(1)

3.2. Maak David se familie altyd lekker kos? __________________________________________

______________________________________________________________________________(2)

Vraag 4: Gebruik jou kennis van **STOMPI** om die volgende sinne te voltooi. Begin met die woord wat aangedui is.

4.1 David se familie eet elke Sondag lekker kos op die stoep.

Elke Sondag ______________________________________________________________ (1)

4.2 Emile eet op Kersdag koeksisters saam met sy familie.

Op Kersdag _______________________________________________________________ (1)

Exemplar

<u>Vraag 5:</u> Verbind die sinne deur die **voegwoorde** tussen hakies te gebruik.

5.1. Yeshika eet graag bobotie. Dit is haar gunsteling kos. (want) ______________________

______________________________________________________________________(1)

5.2. Sigonyela het 'n mooi stem. Hy sing baie mooi. (daarom) ______________________

______________________________________________________________________(2)

<u>Vraag 6:</u> Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**.

6.1. Emile sê: "Ek dra my netjiese langbroek". ______________________________

______________________________________________________________________(2)

Exemplar

# Blouberg Ridge Primary School
# Grade 6
# Afrikaans FAL
# Final Examination Paper 2019
# Marking Guidelines

Exemplar

**LEESBEGRIP:**

Lees die volgende inligtingsteks en beantwoord die vrae wat volg:

**Verskillende kulture in Suid-Afrika**

**Yeshika Ramcharan**

Ek is dertien jaar oud. My voorouers het lank gelede van Indonesië af gekom. Ons praat Afrikaans by die huis, maar ek kan ook Engels praat. My oupa kan Arabies praat en in die middae na skool, leer hy my meer oor die taal. Ons is Moslems en ons geloof is Islam. Die simbool van my geloof is 'n maan en 'n ster. Die plek waar ons bid word 'n moskee genoem. My gunstelingfees is Eis-ul-ful, die fees na Ramadaan, nadat ons gevas het. Tydens hierdie fees, eet ek my knuppeldik aan bobotie en breyani en sê vir mekaar: *"Eid Mubarak."* Dit beteken, "Sëen die feesdag."

**Emile Buys**

Ek is elf jaar oud. My ouma het vir my vertel dat my voorouers van Duitsland, Holland en Frankryk af kom. Ek is tweetalig en is vlot in Afrikaans en Engels, maar my huistaal is Afrikaans. Ons familie kom dikwels op 'n Sondag bymekaar en maak smullekker skaapvleis op die braai. My ma maak heerlike patats, aartappels, pampoen en wortels in die oond gaar met 'n klein bietjie kaneel, net soos ek daarvan hou. Op ander dae eet ons bredie en rys. Ek is baie lief vir koeksisters en geniet dit om saam met my ouma koeksisters te maak. Kersfees is vir ons 'n spesiale dag. Ons vier Kersdag in Desember, en gaan in die oggend kerk toe. Ek dra gewoonlik my netjiese langbroek met wit en swart strepies en my baadjie wat daarby pas.

**Sigonyela Nondeco**

My naam is Nondeco. Ek is veertien jaar oud. Op Erfenisdag kom ons familie almal bymekaar. Dit is pret wanneer al my ooms, tannies, neefs, niggies, oumas en oupas tyd saam spandeer. Ek praat Xhosa en Engels by die huis, maar ek kan ook Afrikaans praat. Die tradisionele kos waarvan ek hou, is
"Umngqusho" wat ook stampmielies genoem word. Ek en my niggies en nefies, luister graag na die skreeusnaakse stories wat my oupa vertel. Dit is veral vir my snaaks wanneer ouma met hom moet raas omdat dit slaaptyd is, en ons nog om die vuur sit en giggel. My gunstelingfees is Umbholorho, die

week wanneer ‘n meisie gaan trou, want ons sing elke aand vir haar.
Ek trek my tradisionele rok aan en dra my tradisionele krale.

**David Goldberg**
Ek is twaalf jaar oud. My pa se oupa is in Israel gebore, en het in 1910 na Suid-Afrika toe gekom. Ek is Joods, en ek kan Hebreeus praat, al is dit nie heeltemal vlot nie. Ek kan baie goed Afrikaans en Engels praat. Die fees waarna ek elke jaar die meeste uitsien is die Fees van Ligte, wat ons “Hanukkah” noem. Ons steek vir agt dae lank, kerse aan. Ons kry ook presente en gesels lekker saam. Ons eet heerlike kos, soos aartappelkoekies en tuisgemaakte brood wat “Challah” genoem word. Ons bid in ‘n sinagoge. Die ster van Dawid is die simbool van ons geloof.

[Bron: Aangepas uit Piekfyn Afrikaans: Leesboek Graad 6, Vosloo en Viljoen, Eerste Uitgawe 2007]

<u>**LEESBEGRIP:**</u>

1. Waar het Yeshika Ramcharan se voorouers vandaan gekom?

   **Yeshika Ramcharan se voorouers het van Indonesië af gekom** (1)

2. Wat is die simbool van Yeshika se geloof?

   **Die simbool van Yeshika se geloof is ‘n maan en ‘n ster**. (1)

3. Op watter dag van die week kom Emile se familie bymekaar en maak skaapvleis op die braai?

   **Emile se familie kom op ‘n Sondag bymekaar.** (1)

4. Noem een groente wat Emile se ma in die oond gaar maak?
   **aartappels / patats / wortels / pampoen** (1)

5. Pas die woord in kolom A by die korrekte definisie in kolom B. (4)

| Kolom A | Antwoord | Kolom B |
|---|---|---|
| 5. Umngqusho | 5.1 **c** | a. ‘n Tradisionele gereg wat met maalvleis gemaak word. |
| 6. Challah | 5.2 **b** | b. ‘n Joodse brood wat met gevlegde deeg gemaak word. |
| 7. Koeksisters | 5.3 **d** | c. Tradisionele kos wat ook stampmielies genoem word. |
| 8. Bobotie | 5.4 **a** | d. ‘n Soet koekie wat met deeg en stroop gemaak word. |

6. Vul die ontbrekende woorde in.

   6.1 Sigonyela Nondeco se familie kom op **Erfenisdag** bymekaar. (1)

   6.2 Hy is tweetalig wat beteken da thy Xhosa en **Engels / Afrikaans** kan praat. (1)

   6.3 Sy oupa vertel vir hom **skreeusnaakse** stories. (1)

Exemplar

6.4 Umbholorho is die naam van die fees wat gebeur wanneer ‘n meisie gaan **trou.** (1)

7. Kies die regte antwoord.

7.1 Wanneer ‘n mens **tuisgemaakte** brood eet beteken dit dat (1)

a. die brood by die bakery gebak is.

b. die brood by die winkel gekoop is.

**c. dat die brood by die huis gebak is.**

7.2 Die Joodse fees Hanukkah word ook beskryf as die Fees van (1)

a. kerse

**b. ligte**

c. kos

8. Watter woord wys dat David Goldberg van die kos hou wat hulle eet?

**heerlike** (1)

9. Skryf die naam van enige kleur wat in die teks genoem word. **wit / swart** (1)

10. Skryf ‘n sin waarin jy vertel van iets wat jy en jou familie graag saam doen.

**Leerlinge gee enige gepaste antwoord.** (1)

11. Wat is jou gunsteling ding oor Suid-Afrika? Begin die sin soos aangedui.

My gunsteling ding oor Suid-Afrika is

**Leerlinge gee enige gepaste antwoord** (1)

12. Suid-Afrika is ‘n nasie met verkillende kulture en gelowe. Dit is wat ons land so kleurvol soos ‘n reënboog maak. Ons word die **reënboognasie** genoem. (2)

**[20]**

Exemplar

**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES:**

Vraag 1: Skryf die volgende sinne oor in die **verlede tyd**.

1.1. Yeshika se oupa kan Arabies praat. ______________________________

**Yeshika se oupa kon Arabies praat.** (1)

1.2 Sigonyela verstaan Xhosa en Engels baie goed. ______________________________

**Sigonyela het Xhosa en Engels baie goed verstaan.** (2)

Vraag 2: Voltooi die volgende sinne deur die **voornaamwoorde** in te vul.

2.1. Emile is elf jaar oud. **Sy** ouma het vir hom vertel dat sy voorouers van Duitsland af kom. (1)

2.2. Die kinders vertel almal van **hulle** kulture (1)

Vraag 3: Skryf die volgende sinne in die **ontekkende vorm**.

3.1 David Goldberg is in Suid-Afrika gebore. ______________________________

**David Goldberg is nie in Suid-Afrika gebore nie.** (1)

3.2. Maak David se familie altyd lekker kos? ______________________________

**Nee, David se familie maak nooit lekker kos nie.** (2)

Vraag 4: Gebruik jou kennis van **STOMPI** om die volgende sinne te voltooi. Begin met die woord wat aangedui is.

4.1 David se familie eet elke Sondag lekker kos op die stoep.

Elke Sondag **eet David se famile lekker kos op die stoep.** (1)

4.2 Emile eet op Kersdag koeksisters saam met sy familie.

Op Kersdag **eet Emile koeksister saam met sy famile**. (1)

Exemplar

<u>Vraag 5:</u> Verbind die sinne deur die **voegwoorde** tussen hakies te gebruik.

5.1. Yeshika eet graag bobotie. Dit is haar gunsteling kos. (want)

**Yeshika eet graag bobotie, want dit is haar gunsteling kos**. (1)

5.2. Sigonyela het 'n mooi stem. Hy sing baie mooi. (daarom)

**Sigonyela het 'n mooi stem daarom sing hy baie mooi.**(2)

<u>Vraag 6:</u> Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**.

6.1. Emile sê: "Ek dra my netjiese langbroek."

**Emile sê dat hy sy netjiese langbroek dra.** (2)

Exemplar